'N GEBED VIR DIE WÊRELD

ALMAGTIGE GOD
VADER, SEUN EN HEILIGE GEES

U alleen is heilig en regverdig.
Ons vergader saam met gelowiges vanoor die hele wêreld, om onsself voor U te verootmoedig en te bid,
U Aangesig te soek en terug te draai van ons verkeerde weë, om in te tree vir verlorenes, vir die hulpeloses, vir die wat hoop verloor het en vir die wêreld.

Here, wees ons genadig.

ONS VADER IN DIE HEMEL,

Dankie dat U die wêreld so liefgehad het dat U U enigste Seun, Jesus Christus, gegee het om aan die kruis vir ons sondes te sterf sodat ons met U versoen kan wees, en dat U ons as U kinders aanneem.

Here, wees ons genadig.

Vestig U koninkryk in elke volk op aarde,
Laat U wil geskied, sodat mense van alle tale en rasse omskep kan word in die beeld van Christus, en reg en geregtigheid sal seëvier. Ons roep U aan vir die verlossing van ongeredde mense, onbereikte volke, dié wat nog nooit die naam van Jesus Christus, ons Here, gehoor het nie.

Mag U naam beroemd wees oor die hele aarde.

VADER VAN BARMHARTIGHEID EN GENADE,

Ons het gesondig.
Die wêreld is in die greep van die mag van sonde.
Ons is bedroef deur onreg, haat en geweld.
Ons skaam ons oor die onderdrukking, rassisme, korrupsie, verkragting, diefstal en bloedvergieting in ons land.
Ons betreur die verlies van lewens deur moord, oorlog en terrorisme.

Here, wees ons genadig, vergewe ons sondes en genees ons land.

HERE JESUS CHRISTUS,

U het sonde vernietig, die dood oorwin en Satan verslaan.
Bevry ons van demonies-gedrewe finansiële, godsdienstige
en ideologiese stelsels, van armoede, slawerny en tirannie.
Vernietig die sluier van duisternis wat mense verblind.
Bedwing die bose wat geweld en dood aanhits.

Here, wees ons genadig en verlos ons van die bose.

HEILIGE GEES, GEES VAN GENADE, GEES VAN WAARHEID,

Bekragtig ons met genesing vir die siekes, bevryding
van die onderdruktes, en troos vir die wat treur en rou.
Vervul ons met medelye vir die haweloses en vir die
wat honger ly, vir weeskinders, weduwees, bejaardes
en verstotelinge.

Here, wees ons genadig en genees ons siektes.

HERE JESUS CHRISTUS,

Hoof van die Kerk,
Ons bely dat ons gesinne verbrokkel en ons kerke verdeeld is.
Ons lewens word besoedel deur selfsug, gierigheid, afgodsdiens
en seksuele onreinheid.
Ons nader to U vir vergifnis, genesing en herstel.
Ons benodig wysheid en insig vir die finansiële wêreld krisis en
hoe om die aarde se bronne tot voordeel van almal te bestuur.

Here, wees ons genadig, heilig ons en sonder ons af vir U diens.

EREKONING,

Kom en voltooi U werk in ons stede,
in ons harte en onder ons volkere.
Van al die vastelande en eilande roep ons:

Lig op julle hoofde, O poorte! Verhef julle ewige deure,
sodat die Erekoning kan inkom!

Kom en vul die aarde met die kennis van
U heerlikheid soos wat die waters die see oordek.
Die Gees en die Bruid sê:

Amen! Kom Here Jesus!